



ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK

GENERAL SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

21 Augustus 2025

VRAAG EN ANTWOORD OOR HUMANITÊRE HULP AAN DIE MIDDE OOSTE

Reaksie op humanitêre hulp wat deur die ASM bewillig is aan die Midde Ooste Raad van Kerke (*Middle East Council of Churches, MECC, Jerusalem*) vir hulp in Gasa en plekke van grootste nood, vra vir groter helderheid. Hierdie skrywe reageer op 'n vraag en antwoord basis en dien ter uitbreiding van 'n pastorale brief en 'n publieke verklaring (beide aangeheg) wat in die Kerkbode verskyn het.

1. Vrae wat reeds geantwoord is

Die verklaring van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) van 14 Augustus 2025 spreek die volgende prinsipiële oorwegings van die besluit om humanitêre hulp in die Midde Ooste aan:

1.1 Motivering vir bydrae

- Dit is 'n gebaar van Christelike liefde en barmhartigheid vir mense in nood.
- Dit fokus op die lyding van kinders en weerloses, ongeag in watter omstandighede.

1.2 Kanaliseer van fondse

- Fondse word geskenk aan die MECC, wie geïdentifiseer is ná wye 'ekumeniese konsultasie (meer hieroor by vraag 3).
- MECC se rol: mediese sorg, medisyne, voedsel, pastorale ondersteuning, basiese behoeftes – met 'n fokus op Christene wat by kerke skuil.

1.3 Vergelyking met vorige internasionale hulpverlening

- Verwysing na die NG Kerk se bydrae na die 2023-aardbewings in Turkye.
- Breër patroon van pastorale- en ander hulp ook in ander wêrelddele, bv. Mosambiekse kerkleiers.

1.4 Teologiese en kerklike oortuiging

- Oproep om nie weg te kyk van nood nie, maar gehoorsaam uit te reik en hoop te bring.
- Aansluiting by die Hervormingsdaggetuïenis van 2024 waarin die NG Kerk haarself teen geweld, oorloë, lyding en vernietiging uitspreek; en pleit vir skietstaking en blywende geregtigheid.
- Grondslag in Algemene Sinode 2023-besluit: alle mense is na die beeld van God geskape.

¹ Ekumene verwys na die wêreldwye beweging en samewerking tussen Christelike kerke en gelowiges met die doel om eenheid, begrip en gesamentlike getuïenis van die geloof in Jesus Christus te bevorder, ondanks verskille in tradisie, belydenis of praktyk.



info@ngkerk.org.za



H/v Pretorius & Jan Shoba Straat
(ingang Jan Shoba) Hatfield 0028



www.ngkerk.net



+27 (0)12 342 0092



PBO nr: 930006591

1.5 Gebed en praktyk

- Gemeentes word aangemoedig om volhardend vir vrede en geregtigheid in Israel, Palestina en die Midde-Ooste, asook in ander wêrelddele te bid.
- Oproep dat internasionale menseregterwette konsekwent deur alle groepe toegepas moet word.
- Getuienis lê in kombinasie van gebed én konkrete daade van hulpverlening.

1.6 Wyer getuienis

- Lidmate en ampsdraers word herinner dat hul getuienis lê in volhardende gebed én in praktiese daade.
- Bydrae word verbind aan die NG Kerk se roeping tot vrede en versoening in die wêreld.

2. Waarom hierdie humanitêre hulp

Daar kom 'n punt dat verklarings en gebed alleen nie meer ál is wat ons behoort te doen nie.
--

2.1 Die Algemene Sinode in Oktober 2023 het, sewe dae na Hamas se aanval op Israel, 'n duidelike standpunt teen geweldpleging ingeneem. Die NG Kerk staan steeds hierby.

1. *Die AS bely dat alle mense na die beeld van God geskape is en dat die Woord van God 'n bron van lewe is, nie 'n bron van dood nie.*
2. *Die AS betreur die huidige opvlamming van gewapende geweld in Palestina en Israel.*
3. *Die AS roep gemeentes en lidmate op om deurgaans te bly bid vir vrede en geregtigheid in Israel en Palestina, maar ook in die Midde-Ooste as geheel.*
4. *Die AS roep gemeentes en lidmate op om te bid vir alle Joodse-Israeli en Palestyne sodat vrede en versoening in hulle wêrelddeel bevorder kan word.*
5. *Die AS spreek sy steun uit vir die oproepe van ekumeniese organisasies dat internasionale menseregterwette konsekwent deur alle groepe in Palestina en Israel toegepas word.*

2.2 Hierna, by elke daaropvolgende vergadering van die Algemene Sinode Moderamen (twee keer per jaar) en elke vergadering van die dagbestuur van die ASM (ses keer per jaar), was die geopolitiese konteks van die wereld waarin ons leef, telkens in oënskou geneem. In Oktober 2024 verklaar die ASM (**Hervormingsdaggetuienis**) oor internasionale brandpunte van geweld en lyding as volg:

...as ons dít oor ons eie konteks getuig, ons ook nie kán swyg oor geweld, oorloë, verskriklike lyding en vernietiging wat in ander wêrelddele woed – in die Oekraïne, die Midde-Ooste, Palestina, Soedan, Nigerië en ook in ons subkontinent – en wil ons ons stem voeg by die noodkreet wat hieroor na God opstyg; ons pleit vir 'n skietstaking; ons pleit vir 'n blywende oplossing waardeur geregtigheid en die landskap kan herstel; ons distansieer ons van enige ideologie wat uit selfsug en haat of in die naam van godsdiens ellende en dood saai.

2.3 Tot op datum en by herhaling het die ASM en die dagbestuur tot die gevolgtrekking gekom dat die NG Kerk **geensins ideologies** betrokke raak nie. Die posisie wat die ASM inneem, bly steeds dat:

- Oorlog en geweld betreur word en onder geen omstandigheid goedgepraat kan word nie.
- Die oproep tot gebed deurlopend gerig word.
- Die beroep op vrede herhaaldelik in verklarings en pastorale briewe onderstreep word.

- 2.4 Intussen het die oorlog bly voortwoed. Die omvang van lewensverlies het skokkend toegeneem. Ons het onself begin afvra of nóg 'n verklaring enige verskil gaan maak, veral in die lig van menslike lyding.

3. Deur wie word die hydrae gekanaliseer

'n Raad van Kerke in Jerusalem is as 'n betroubare medewerker geïdentifiseer.

Sedert die Oktober 2023 gesprek en standpunt van die Algemene Sinode, is deurlopend gesprekke gevoer en kontak gehou met internasionale kerkleiers en internasionale ekumeniese taakspanne oor konflik in die Midde Ooste. Die Kerk van Christus, oor grense, worstel met hoe ons getuig in situasies soos hierdie. Die besluit op die MECC het gekom na:

- Aanvanklike advies dat pastorale hulp in die vorm van persoonlike besoeke van groot waarde sal wees (praktiese uitvoerbaarheid egter moeilik).
- Advies van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (Duitsland) is ingewin.
- Referente is gesoek en opgevolg, waaronder die Kairos Palestine beweging in Bethlehem met wie ons ook in 2024 reeds kontak gehad het.
- Aanvanklike korrespondensie is met die MECC (Jerusalem) gevoer.
- Navorsing is gedoen oor die bedieningsaksies van die MECC.

Die groot oorwegings was:

- Dat die MECC 'n ekumeniese raad van Christelike Kerke in die Midde Ooste (Israel en Palestina) is.
- Dat die MECC spesifiek na Christengelowiges in skuiling uitreik.

Die MECC het sowat 150 pastorale werkers wat tans op grondvlak in Gasa werksaam is om noodsaaklike mediese sorg, medisyne, voedsel, pastorale ondersteuning en ander basiese behoeftes aan mense in groot nood, te voorsien.

4. Waarom nie ook in ander lande nie

Elke konteks is uniek. Toegang tot verskillende kontekste, word op verskillende maniere moontlik gemaak.

Die NG Kerk het byvoorbeeld op hierdie stadium geen direkte kontak met Soedan nie, maar dit kan enige tyd verander. Ons het wel baie goeie kontak met kerkleiers in Mosambiek. Na die onlangse politieke spanning daar tydens 'n verkiesing, was daar op verskillende maniere uitreik, kontak, gesprekvoering en ander vorme van ondersteuning. Met die spanning in die Demokratiese Republiek van die Kongo, is ons mees direkte kontak deur ons kapelaansdienste. Die onlangse realiteit van lede van die SA Weermag wat daar vasgevang was, was net so kompleks. Gereelde kontak is gemaak met ons skakelpersoon in die kapelaansdiens wat ons in staat gestel om ten minste ondersteuning te bied aan hulle wat weermaglede pastoraal moes bystaan. So is daar nog voorbeelde. As gelowiges word ons gelei deur dit wat nou op ons drumpel is. Ons kan nie oral vir almal alles wees nie.

5. Waar kom die fondse vandaan wat geskenk is

Die Sinode van KZN het dit in 2019 aan die Algemene Sinode geskenk na afloop van 'n humanitêre krisis daar en nadat alle behoefte aan noodleniging uitgeput was.

Die Algemene Sinode het nie 'n deurlopende en aktiewe aksie rondom 'n rampfonds nie. Soos daar 'n situasie opduik wat finansiële ondersteuning vra, word daar aksies geloods om fondse te bekom. Dit is 'n dinamiese proses. Omstandighede is nie voorspelbaar nie. Soms is dit natuurrampe en soms 'n humanitêre krisis wat gemeenskappe en individue se lewens raak, plaaslik of internasionaal.

In 2021 het die Sinode van KZN R500 000 aan die Algemene Sinode geskenk met die versoek dat dit in 'n rampfonds geplaas word. Die skenking het gekom na die strooptogte en politieke onrus. Die sinode het fondse beskikbaar gemaak en ook donasies ontvang wat hul in staat gestel het om hulp te verleen in daardie spesifieke omstandighede.

Die Algemene Sinode het die fondse wat geskenk is geallokeer vir rampe. In 2023 het die ASM besluit om R200 000 aan die Sinode van die Wes Kaap te gee. Die diensgroep Diaconia van die Wes Kaap Sinode het kontak gehad met 'n sendingorganisasie in Turkye. Na die aardbewings in 2023, is humanitêre hulp verleen via die pastorale werk van hierdie sendingorganisasie.

6. Wie het die besluit geneem

Die besluit is deur die aangewysde verteenwoordigers van nege sinodes geneem wat saam die Algemene Sinode Moderamen (ASM) vorm.

Die ASM bestaan uit 'n verteenwoordiging van vyf lede elk (45 persone) van die nege samestellende sinodes en die voorsitters van taakspanne van die ASM.

Die ASM het as gevolmagtigde werksvergadering van die Algemene Sinode die mandaat om die operasionele en bedryfsake van die Algemene Sinode tussen vergaderings te behartig (Reglement 2.5.1)

7. Plaaslike en internasionale nood

Die NG Kerk is 'n uitgebreide netwerk van gemeentes, ringe, sinodes en 'n algemene sinode. Noodleniging vind deurlopend plaas.

As kerkverband is die NG Kerk daagliks, in elke dorp en stad van ons land, met aktiewe uitreik en barmhartigheid besig.

- Soms is daar 'n nood wat kollektiewe aksie vereis en dan ontstaan daar ringsprojekte (word gemeentes gehelp).
- Sinodes het begrotings en strategie hiervoor in plek.
- Soms is die krisis (bv. rampgebeure) in 'n bepaalde gemeentegrens of ring van so aard dat sinodes oor grense saamwerk (bv. droogtehulp projekte, Day Zero in die Wes Kaap, die Suid Kaap brande, vloede in KZN, brande in die Vrystaat).

Die NG Kerk funksioneer soos 'n magtige netwerk, vanaf die plaaslike konteks vanwaar dit uitkring na ringe, sinodes en Algemene Sinode (bv. 'n droogtehulpprojek rondom 2016/2017 en daarna).

Die Algemene Sinode, daar waar die nege sinodes in kerkverband ontmoet, het 'n baie spesifieke fokus en mandaat om in Afrika en in internasionale verhouding met ander kerke op te tree. So is daar uitgebreide volwaardige bilaterale- of multilaterale verhoudinge, gedeeltelike verhoudinge, dialoogverhoudinge en kontak verhoudinge met ander kerke, ekumeniese liggame en bedieningsnetwerke.

Die Algemene Sinode staan ook in vennootskap met medewerkers soos die twaalf professionele maatskaplike diensorganisasies wat direk aan die kerk verbind is. In die 2023/24 boekjaar was die gesamentlike operasionele uitgawes van hierdie kerklike organisasies R 1 660 470 366. Dit sluit dienslewering aan 751 283 kinders en families, asook 237 315 bejaardes wat in tehuise van die kerklike organisasies versorg word in. Dit is onberekenbaar wat die verdere finansiële bydraes van gemeentes, ringe, sinodes van die NG Kerk in die uitvoering van hierdie barmhartigheidswerk is.

Ten slotte

Uiteindelik moet ons as gelowiges antwoord op dit wat ons glo die Here van ons vra in die moontlikste van tye. Hiervoor is geloofsonderskeiding nodig. Die ASM het erns gemaak hiermee en ons aksie kom vanuit die oortuiging dat ons die hande van Christene in die Midde Ooste moet sterk om uit te reik na mense in nood.

Namens die Algemene Sinode Moderamen



Dr Nioma Venter

Algemene Sekretaris van die NG Kerk